

**SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 26:1-13**

**FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 26:9**

### **Die Here gebruik Abisai om Dawid te toets**

Abisai was Dawid se neef, 'n seun van sy ouer suster Seruja. Hy was aan Dawid getrou. Toe Saul weer vir Dawid agtervolg, sien Dawid waar laer opgeslaan is. In die nag bekrui Dawid, saam met Abisai, vir Saul waar hy slaap. Die Here het egter 'n diepe slaap oor die laer gebring en Dawid daardeur getoets. Abisai sien in dié situasie 'n duidelike aanwysing van God dat Saul sy straf ontvang. Hy wou Saul met sy spies teen die grond vassteek, maar Dawid keer hom.

In die beproewing wat God oor Dawid gebring het, het hy vas gestaan. Dawid was in die versoeking deur die Here getoets. Hy gee nie toe aan die wraaksugtige versoek van Abisai nie. Dawid spaar Saul se lewe, want hy wou nie aan sy dood skuldig wees nie. Hy wou God se dag van afrekening afwag.

Die Here het Abisai gebruik om positiewe en negatiewe dinge in Dawid se lewe te bewerk. Deur Abisai het Dawid oorwinnings oor sy vyande behaal. Hy oorwin die Ammoniete (2 Sam. 10:10-13) en die Edomiete in die Soutdal (1 Kron. 18:12, 13). Hy red Dawid deur die Filistynse reus dood te maak (2 Sam. 21:16). As held was hy beroemd (2 Sam. 23:18, 19). Aan die negatiewe kant was hy deur sy gewelddadigheid en wraaksug vir Dawid 'n las. Hy het saam met Joab vir Abner vermoor (2 Sam. 3:30). Dawid moes ook keer toe hy vir Simeï wou doodmaak (2 Sam. 16:9), net soos in Saul se geval.

Só is Dawid deur Abisai beproef en in versoeking gelei om self wraak te neem. Jesus het in beproewing en versoeking vasgestaan. In sy krag (Ef. 6:10 ev.) kan jy vasstaan en God se wil gehoorsaam wanneer Hy iemand op jou pad plaas om jou gehoorsaamheid te toets.

*Sing: Psalm 57:2, 4, 5 (1936)*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)*